HOUTBEHANDELING EN DIE WET

In Suid-Afrika is daar twee regulasies van toepassing op houtbehandeling.

I) Die Verpligte Spesifikasie vir die Verduursaming van Hout, Kennisgewing Nr. 308 (Staatskoerant Nr. 32067) van 3 April 2009 (hierin verwys as VC 9092).

Die verpligte spesifikasie word gereguleer deur die NRVS in terme van die Nasionale Reguleerder vir Vepligte Spesifikasies Wet (Wet 5 van 2008)

VC 9092 vereis dat:

- behandelde hout sal voldoen aan die vereistes soos voorgeskryf in SANS 10005, (uitgesluit spesifieke dele wat handel oor omgewings en beroepsgesondheid en veiligheidsvereistes soos aangedui in VC 9092);
- die vervaardiger of invoerder van behandelde hout moet 'n sertifiseringsliggaam aanstel om die aanvanklike en voortgesette voldoening van produksie van die behandelde hout t.o.v. die vereistes van die verpligte spesifikasie te verifieër. Slegs sertifiseringsliggame wat aan die voldoeningsvereistes en voorskrifte van die NRVS voldoen, sal erken word. (die SABS en SATAS word tans deur die NRVS erken);
- die vervaardigingsaanleg vir die behandeling van hout moet vooraf goedkeuring by die NRVS kry vir die voldoening van produksievereistes soos voorgeskryf in bylae A van VC 9092;
- die vervaardiger of invoerder sal, op versoek, die nodige bewyse van voldoening aan produksie aan die NRVS verskaf, en
- behandelde hout sal volgens die vereistes van die relevante SANS spesifikasie gemerk word. Die merk sal die kwaliteitsmerk van die aangestelde sertifiseringsliggaam insluit.

II) Regulasie A.13 (1) b van die Bouregulasies

- Alle hout wat gebruik word in die oprigting van 'n gebou, sal volgens die vereistes van SANS 10005, teen termiet- en houtboorderaanvalle sowel as houtverrotting behandel word, en sal 'n produksertifiseringsmerk van 'n sertifiseringsliggaam wat deur SANAS geakrediteer is, dra.

In beide gevalle word melding gemaak van Nasionale Standaard SANS 10005, *Die behandeling van hout,* wat die klassifikasie van houtverduursamingsmiddels, die gevaar toestande (H-Klasse) vir hout, die veskeie behandelingsprosesse, penetrasie and retensie tabelle, sowel as die vereistes vir die gebruik van verduursaamde hout in spesifieke areas in Suid-Afrika insluit.

Tree gerus met SAWPA in verbinding indien u verdere inligting oor enige aspek rakende behandelde hout verlang. Ons posadres is

SAWPA, Posbus 686, Isando, 1600. Tel (011) 974 1061, Faks (011) 392 1995
e-pos: sawpa@global.co.za
Webtuiste: www.sawpa.org.za

SAWPA